# Les 20 JESUS CHRISTUS MAAK DIE DAWIDSBELOFTE WAAR: JESUS IS DIE HUIS VAN DIE HERE

## 1. Die huisbou-belofte

Kom ons lees die huisbou-belofte in 2 Sam. 7:

*“[12] Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom ’n bestendige koningskap gee.*
*[13] **Hy sal vir my Naam ’n huis bou**, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan.*
*[14] **Ek sal vir hom ’n vader wees en Hy sal vir my ’n seun wees**. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty.”*

Die beloofde koning se werk is om vir God se Naam ’n huis te bou.

## 2. Salomo bou die eerste tempel

Salomo was Dawid se kind wat na hom koning geword het. Salomo het die eerste tempel in Jerusalem gebou. Kom ons lees en kyk wat sê Salomo van hierdie tempel wat hy in Jerusalem laat bou het, in 1 Konings 8:

*“[12] Toe het Salomo gesê: “Die Here het gesê Hy wil in duisternis woon. [13] Daarom, Here, het ek vir U ’n waardige huis gebou, ’n verblyf waar U altyd kan woon.” [14] Daarna het die koning sy gesig na die hele gemeente van Israel toe gedraai en die hele gemeente van Israel geseën terwyl hulle daar staan. [15] Hy het gesê: “Geloof sy die Here die God van Israel wat aan my vader Dawid ’n belofte gedoen het en dit deur sy mag vervul het. Die woorde van die Here was: [16] ‘Van die dag af dat Ek my volk Israel uit Egipte gebring het, het Ek uit al die stamgebiede van Israel nie ’n stad gekies waar ’n tempel gebou kan word sodat my Naam daar kan wees nie, maar Ek het vir Dawid gekies sodat hy oor my volk Israel kon regeer.’ [17] “My vader Dawid wou ’n tempel bou vir die Naam van die Here die God van Israel, [18] maar die Here het vir my vader Dawid gesê: ‘Dat dit jou voorneme is om ’n tempel vir my Naam te bou-dit is goed dat jy die voorneme het. [19] Maar nie jy sal die tempel bou nie; jou seun wat uit jou voortgekom het, hy sal die tempel vir my Naam bou.’ [20] “Die Here het die belofte nagekom wat Hy gemaak het. Ek het my vader Dawid se plek geneem en op die troon van Israel gekom soos die Here beloof het. Die tempel vir die Naam van die Here die God van Israel het ek gebou [21] en die ark waarin die verbond van die Here is wat Hy met ons voorvaders gesluit het toe Hy hulle uit Egipte gebring het, het ek daar gesit.””*

Salomo loof die Here dat hy die voorreg gehad het om die eerste tempel te bou waarin God gedien en ge-eer is. Voor hierdie tempel gebou is, het Israel net die tabernakel gehad. Die tabernakel was meer soos ’n tent wat hulle kon op- en afslaan soos wat hulle van plek tot plek rondgetrek het.

Hierdie voorreg wat Salomo gehad het, was deel van die belofte aan Dawid.

## 3. Hierdie tempel is nie God se blyplek nie

Salomo noem hierdie tempel die huis van God. Wat bedoel hy?

*"22 Toe gaan staan Salomo regoor die altaar van die Here, voor die hele gemeente van Israel, en strek sy hande uit na die hemel toe 23 en sê: "Here, God van Israel, in die hemel of op die aarde is daar nie nog 'n God soos U nie. U hou U aan die verbond en U bly getrou teenoor u dienaars wat met volle oorgawe voor U lewe. 24 U het U gehou aan wat U u dienaar, my vader Dawid, beloof het. U het die belofte gemaak en dit so soos dit vandag is, deur u woord en u mag vervul. 25 "Here, God van Israel, bly dan nou by wat U u dienaar, my vader Dawid, beloof het toe U gesê het: 'Ek sal sorg dat daar altyd iemand uit jou nageslag op die troon van Israel sal wees, mits jou nakomelinge let op hulle optrede en volgens my woord lewe, soos jy gemaak het.' 26 "God van Israel, laat die belofte wat U aan u dienaar, my vader Dawid, gemaak het, ook verder vas staan.* ***27 "Sou God werklik op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het! 28 "Hoor tog, Here my God, die gebed van u dienaar, hoor sy smeking, luister na die hulpgeroep, die gebed wat u dienaar vandag tot U rig.*** *29 Hou hierdie tempel dag en nag onder u sorg, die plek waarvan U gesê het dat U u Naam daar wil vestig, sodat U die gebed kan hoor wat 'n dienaar van U na hierdie plek toe bid. 30 Hoor tog die smeekbedes van u dienaar en u volk Israel wat hulle na hierdie plek toe bid, hoor dit tog uit u hemelse woonplek, en wanneer U dit hoor, vergewe tog!"*

Salomo en al die profete van die Ou Testament het dit geweet en geleer: hierdie tempel van klip in Jerusalem is nie God se woonplek of blyplek nie.

Die hemel en aarde wat God gemaak het, is nie eens groot genoeg om vir God 'n blyplek te wees nie. Daar is nie iets wat God kan **bevat** nie. 'Bevat' beteken om binne-in vas te hou. Niks wat bestaan, kan God bevat nie. Salomo sê dat nie eens die kosmiese heelal God kan bevat of binne hou nie. Daarom is die klipgebou wat hy gebou het, ook nie 'n blyplek vir God nie.

## 4. Die tempel is 'n plek om te bid

Nou wat is hierdie tempel dan?

Dit is presies net wat elke gebou is wat ons as gelowiges ook vandag as kerke bou. Salomo sê dit is 'n plek waar die volk van die Here bid. Dit is die plek vir die openbare byeenkomste waar die gelowiges aanbid, eer en loof. Dit is die plek vir openbare eredienste tot eer van God.

## 5. Die huis van God is waar God Vader is vir sy kinders

Nou wat is hierdie "huis van God" wat die Seun van Dawid, wat vir altyd koning sal wees, dan sal bou?

Kom ons vergelyk dit met ouers en kinders!

Wat is vir kinders ŉ huis? Is dit regtig om in ŉ gebou te bly met ŉ sitkamer, ŉ kombuis, ŉ badkamer en slaapkamers? Of is dit om ŉ pa en ma te hê wat vir jou sorg en saam met jou leef? Om ouers te hê uit wie daar vir jou broers en susters gebore word?

ŉ Hotel, ŉ koshuis, ŉ restaurant en ŉ weermagsmenasie is ook plekke met al die nodige kamers – maar dit kan nooit vir ons ŉ huis wees nie. Want dit is nie waar ons saam met ons ouers en broers en susters leef nie.

Net so is dit met die huis van God. Dit is nie regtig ŉ tempel van steen en hout nie. God se huis is waar God ons sy kinders maak en Hy as Vader saam met ons leef as sy kinders.

Kyk weer mooi na die Dawidsbelofte! Wie se Vader is God die Vader? Hy is die Seun se Vader. Die huisbou-belofte is waar die Seun mense kinders van sy Vader laat wees.

Dit is die huis wat die Seun moet bou – Hy moet sondaars kinders van God die Vader maak. Dan is hulle saam God se gesin – sy huis.

### 6. <u>Afgodsdiens maak vir God ŉ blyplek</u>

In alle afgodsdienste maak mense vir God ŉ blyplek waarin hulle Hom vasvat. Dit is nie verniet dat Salomo sê die tempel kan God nie bevat nie. Dit is presies hoe al die heidene dit gedoen het, en hoe die grootste deel van die Israeliete dit graag wou gehad het: hulle wou vir God ŉ plek bou waarin Hy bevat kon word.

Kyk hoe vertel Jeremia hoe werk hierdie tempelbou van mense:

*"[8] Julle vertrou op leuens wat julle niks gaan baat nie. [9] Julle kan mos nie steel, moor, egbreuk pleeg, vals ede aflê, wierookoffers vir Baäl bring, ander gode dien vir wie julle glad nie ken nie, [10] en My dan ook nog in hierdie tempel wat na my Naam genoem is, kom dien en sê: "Ons is veilig" nie! En dan gaan julle maar voort met al hierdie gruwelike dinge! [11] Het hierdie huis wat na my Naam genoem is, vir julle ŉ rowerspelonk geword? Ek het gesien wat julle doen, sê die Here. [12] Gaan na Silo toe, na die plek waar Ek voorheen my Naam laat woon het, gaan kyk wat Ek aan hom gedoen het oor die sonde van my volk Israel. [13] Julle het al hierdie dinge gedoen, sê die Here. Ek het vroeg en laat met julle gepraat, maar julle het nie geluister nie; Ek het julle geroep, maar julle het nie geantwoord nie. [14] Daarom gaan Ek met hierdie huis wat na my Naam genoem is, en waarin julle julle vertroue stel, en met hierdie land wat Ek aan julle en aan julle voorvaders gegee het, net so maak soos Ek met Silo gemaak het. [15] Ek sal julle verwerp soos Ek julle broers, die hele nageslag van Efraim, verwerp het."* (Jeremia 7)

As ons ŉ plek vir God kan bou waarbinne ons Hom kan laat bly, dan sit ons God op sy plek! Dit is wat afgodsdiens met God doen: dit sit God op sy plek! Mense besluit waar God moet wees en hou Hom dan daar. Mense besluit wat God se rol is, en dan moet God so optree soos hulle Hom sien. Israel het

geglo hulle het God in Jerusalem in sy tempel gesit, en toe gedink God moet hulle stad altyd beskerm.

Afgodsdiens gee aan mense die gevoel van almagtigheid. As mense God op sy plek kan sit, dan kan hulle enigiets sit waar hulle dit wil hê, en dit is reg. Hulle kan ander mense se goed in hulle huise sit; jy kan ŉ ander man se vrou in jou bed sit; jy kan ander mense in die graf sit; jy kan feite stel soos jy wil, en dit is altyd die waarheid; jy kan dan ander gode ook in jou lewe sit, en dit is ook reg.

So werk afgodsdiens: dit klink baie vroom en godsdienstig om vir God ŉ tempel en huis te bou – maar dit is ŉ mooi manier om God op sy plek te sit en dan alles te sit soos jy dit wil hê, en dis reg!

Afgodsdiens werk nie. God sit mense op hulle plek, nie andersom nie. Daarom sê God dat Hy nie in tempels bly waar mense Hom wil sit nie. Hy breek sulke plekke uitmekaar. Hy het dit met die tempel in Silo gedoen, en toe weer met die tempel in Jerusalem.

**6. <u>Jesus maak die huisbou-belofte waar: sy liggaam is God se tempel</u>**

Kom ons lees Johannes 2 saam:

*"[13] Die Paasfees van die Jode was naby, en Jesus het daarvoor na Jerusalem toe gegaan. [14] Op die tempelplein het Hy die verkopers van beeste, skape en duiwe gekry en die geldwisselaars wat daar sit. [15] Toe het Hy met toutjies 'n sweep gemaak en almal uit die tempel uitgejaag, ook die skape en die beeste. Die geld van die geldwisselaars het Hy op die grond gegooi en hulle tafels omgekeer. [16] Vir die mense wat die duiwe verkoop het, het Hy gesê: "Vat hierdie goed hier weg! Moenie die huis van my Vader 'n besigheidsplek maak nie." [17] Toe het sy dissipels daaraan gedink dat daar geskrywe staan: "Die liefde vir u huis verteer my." [18] Maar die Jode het Hom aangespreek en vir Hom gesê: "Met watter wonderteken kan u vir ons bewys dat u hierdie dinge mag doen***<u>?" [19] Jesus het hulle geantwoord: "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig."</u>*** *[20] Die Jode sê toe: "Ses en veertig jaar lank is daar aan hierdie tempel gebou, en u sal hom in drie dae oprig?" [21] Met "hierdie tempel" het Hy egter sy liggaam bedoel. [22] Later, nadat Hy uit die dood opgewek is, het sy dissipels daaraan gedink dat Hy dit gesê het, en hulle het die Skrif en die woorde van Jesus geglo."*

Jesus sê vir die Jode hulle moet "hierdie tempel" afbreek, dan sal Hy dit weer in drie dae oprig. Waarvan praat hy? Het die Jode regtig hulle eie tempel afgebreek sodat Jesus dit weer in drie dae moes opbou? Wat het die Jode gebreek wat Jesus weer op die derde dag laat opstaan het? Hulle het Hom gekruisig en doodgemaak. Op die derde dag het Jesus weer uit die dood opgestaan. Jesus as mens is dus God se tempel. Geen ander gebou, geen ander mens se liggaam of geen ander groep mense kan God se tempel of huis wees nie. Net Jesus se liggaam is God se huis.

## 7. Jesus maak die huisbou-belofte waar: Hy lyf sondaars by sy liggaam in en maak God só hulle Vader

Jesus is God se huis of tempel. Hy het as mens weer uit die dood opgestaan sodat ons by Hom ingelyf kan word. Dit is waarvoor Jesus bid in Johannes 17:

*"21 Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. 22 Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: 23 Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet."*

Dit is hoe God se huis lyk: ons is in Jesus, en Jesus is in die Vader. So is ons een met Jesus en sy Vader.

Ons is ingelyf in Jesus se liggaam: ons is deel van sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding. Ons deel alles wat Hy vir ons gedoen het met Hom.

Omdat ons ingelyf is by Jesus, is God ons Vader. Die Seun en Vader is Een. As ons by Jesus, sy Seun, ingelyf is, dan is Jesus se Vader ook ons Vader. God die Vader het ons net soos sy eie Seun lief. Omdat ons by Jesus ingelyf is, is ons kinders van God die Vader.

So maak Christus ons deel van die huis wat Hy bou: Hy lyf ons by sy liggaam in, en dan is sy Vader ons Vader.

## 8. Moderne afgodsdiens: ons lyf God by ons in

Moderne afgodsdiens werk nog presies net soos afgodsdiens in die Ou Testament: mense wil God 'n blyplek bou en gee. Só sit hulle God op sy plek!

Hoe klink hierdie volgende stellings vir julle:

1. Jy moet God uitnooi om by jou te kom bly!
2. Jy moet God in jou hart en lewe innooi!
3. Ons is God se tempel!
4. Jy moet die Gees van God in jou laat kom bly.
5. Ons moet God innooi in ons huwelik, ons vriendskap, gesin, land en volk!

Wat doen hierdie mense?

### Hulle lyf God in

Hulle lyf God by hulle in. Hulle lyf God in hulle hart, lewe en verhoudings met ander mense, in. Hulle maak so vir God 'n woning waar Hy moet kom bly. So sit hulle God op sy plek!

**Hulle bou God se huis**

Hierdie mense glo dat hulle God se huis bou met hulle mooi gesindhede, hulle liefdevolle en innige houdings, hulle intieme verhoudings met God, hulle assosiasie met God, hulle welwillendheid en goedheid vir God en ander.

**Hulle maak God Vader vir mense**

Hulle glo verder dat ander mense net deel van God se huis kan word, as mense by hulle groepe inskakel. Omdat God in hulle bly, kan niemand God as Vader ken sonder om nie eers by hulle groep ingelyf te word nie.

Pasop! Mense wat glo dat hulle God op sy plek sit – sal jou ook op die plek sit waar hulle jou wil hê! Hulle sal jou misbruik vir al hulle behoeftes en jou dan laat glo dis God wat jou so rondgooi!

## 9. God breek sulke groepe en mense uitmekaar uit

Wat het God met die blyplekke gemaak wat Israel en Juda vir Hom gebou het? Hy het dit uitmekaar gebreek! Net so sal God met mense maak wat hulle lewe, hart en groep as God se blyplek uitroep. God laat Hom nie op sy plek sit nie – deur geen mens, huwelik, gesin, vriendegroep of volk nie.

God bou sy eie huis. Die Vader het die Seun opdrag gegee om die huis te bou. Jesus se liggaam is God se huis. Jesus lyf ons by sy liggaam in, en só maak Hy sy Vader ons Vader.

## 10. Opsomming

Hoe bou God sy huis vir ons? Sy Seun bou sy huis. Jesus is die Vader se Seun, en sy liggaam is die huis. Jesus se liggaam is afgebreek deur die lyding, kruisiging en dood, maar Hy het weer uit die dood opgestaan. Jesus maak ons deel van sy liggaam: ons deel sy lyding, kruisiging en dood. Dit tel vir ons en word ons s'n. Wanneer Jesus ons in Hom laat deel, dan word sy Vader ook ons Vader. So bou Jesus die Vader se huis. Hy maak sondaars kinders van God